A



**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 3 MEI 2017 OM 13H00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Rdl. Anton Dellemijn open die vergadering met gebed. Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig. Francois Thiart word verwelkom as nuwe verteenwooriger van Tergniet.

## 2. PRESENSIE/VERSKONINGS

Die presensielys word gesirkuleer. Verskoning is ontvang van Rozain Hansen, Munisipaliteit.

## 3. LIEF EN LEED

Ons dink aan Rdl. Anton Dellemijn se kleindogter wat deur n hond aangeval is sowel as Flip wat deur sy eie hond gebyt is. Sterkte vir albei.

Geluk aan Jaques met sy verjaarsdag

## 4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van 5 April 2017 word goedgekeur. Voorgestel deur Mike Wray en Buks Pieterse sekondeer.

## 5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

5.1 Spreekbeurt - Bouinspekteur -Skriftelike verslag ontvang en voorgelees.

Jacques noem dat daar weer rommel oorgegooi word by Langenhovenstraat 23 aan Impala se kant.

5.2 Reebokrif HEV – Dit bly 'n uitgerekte en delikate situasie te wees. Die Voorsitter, Buks Pieterse en Flippie Bezuidenhout sal aandag hieraan gee en terugvoering gee waar nodig.

5.3 Parkering voor besighede- Rdl. Anton Dellemijn verduidelik dat besighede parkeeregte het voor hulle persele en dat niemand kon voorsien watse parkeerprobleme n koffiewinkel (Baruchs)en nog een of twee winkels kon veroorsaak in die industrieele gebied nie. Hulle het parkeerplek ge-inspekteer en met almal se samewerking gaan dit alreeds beter.

5.4 Onkruid wat groei tussen pad en sypaadjie - adres van Impalalaan tussen Seesterlaan en Blesbokstraat word deurgegee aan Rdl Anton Dellemijn. Mike Wray noem dat sy vrou onmiddelike terugvoer gekry het van Munisipaliteit na epos gestuur is en dat probleem uitsorteer is van oorgroeide bosse op onderpunt van Impalalaan(Charles Kuun)

5.5 Posisie van Belastingbetalersvereniging binne die huidige politieke samestel en rol en funksie van MBBV - Buks versoek dat dit moet oorstaan.

5.5 Vergadering van Minister D Grant oor R102 op 11 Mei 2017 om 11h00 te Reebok gemeenskapsaal - lede moet dit asb bywoon en die gemeenskap daarvan inlig.

**6. AANVULLENDE AGENDA**

6.1 POWERTOWN- Rdl Annetjie J van Rensburg - Verskuiwing van gesinne vind positief plaas en met goeie gesindheid. Toestemming is verkry om skoolkinders vanaf Sonskynvallei skooltoe en terug per bus te vervoer.

**7. NUWE SAKE VIR BESPREKING**

7.1 Souwesia Kusverslag –Dit is Munisipale grond en geen ontwikkeling is gemagtig nie. Daar is versoeke gerig op die vergadering van belangstellendes op 2 Mei 2017 aan die Munisipaliteit vir verbeterings van geriewe aldaar.

Geen kennis word gedra van enige bestaande grondeis wat daarop bestaan nie. Johan gee kort skets van die stand en probleme soos dit was toe Groot Brak Munisipaliteit dit hanteer het.

7.2 Die vergadering neem kennis dat aansoek vir die tewaterlating van bote in Sesdelaan, Riverside gedoen word. Daar word gewag vir die publieke deelname proses voor die vereniging daarop sal kan reageer en insette kan lewer.

7.3 Sandhoogte/Sorgfonteinpad - Dit is onbegaanbaar in 'n uiters swak toestand. Rdl. Anton Dellemijn en Rdl . Annetjie J van Rensburg sal dit opneem met die Raad om oplossing te probeer vind aangesien dit baie plaaslike verkeer ook dra. Die vergadering neem ook kennis dat die vullisstortingsterrein tydelik gesluit is tot die problem met die brand aldaar uitgesorteer is.

**8. WEBSITE INSTANDHOUDING** - Bridget onderneem om te probeer om voortaan 'blog' te skryf.

**9. BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS** - Word maandeliks deur die Voorsittr en Onder Voorsitter bygewoon, maar enige van die ander lede kan dit ook bywoon.

**10. WYKSKOMITEE - TERUGVOER**

Die algemene gevoel is dat daar nie genoegsame kommunikasie is na die publiek en dat hulle nie bewus is van wie hulle verteenwoordigers in hul onderskeie gebiede is nie. (Geld ook vir die MBBV)

**11. GOP WYK 5 - 11 April(Groot Brakrivier), Wyk 4- 19 April(Reebok) Terugvoering**

Die Voorsitter het 'n skrywe aan die Munisipaliteit gerig oor almal se ontevredenheid met die terugvoer van GOP aan die publiek. Nuwe voorstelle vir voorlegging is deur Munisipaliteit aanvaar vir die toekoms.

**12. FINANSIES**

Die balans van die rekening soos op 23 Maart 2017 is R12,403-71

Rdl Anton onderneem om die kwitansieboeke aan die voorsitter te besorg.

Mike Wray sal reël vir die tekenmagte se wysiging by die bank.

**Bevestig tekenmagte is: Enige twee van die Voorsitter, Onder-voorsitter en Sekretaresse.**

**13. POLISIEeRING/BUURTWAG**

Jaques gee terugvoering dat dit baie goed gaan en dat daar geen inbrake in die area was vir die afgelope maand nie. Die inwoners word bedank vir die water en kos vir die brandslaners tydens die onlangse brande in ons gebied.

Op 8 Mei 2017 om 6H00 vind die Buurtwag se algemene vergadering in die Reebokgemeenskapsaal plaas. Almal welkom om dit by te woon. Daar sal n voorlegging wees deur SAP oor selfverdediging en wanneeer jy n vuurwapen mag afvuur.

Die Voorsitter bedank die Buurtwag namens die gemeenskap vir die uitstekende werk wat hulle doen.

**14. BEWAREA** - Frik Nel (As lid daarvan) word versoek om asb in die toekoms 'n verslag lewer.

**15. PLAASLIKE SAKE**

15.1 De Lange Uitbreiding - Ann - Parkering van rioolvragmotors probleem opgelos.

15.2 Toekoms - Donovan - Geen verslag ontvang

15.3 Fraaiuitsig - Frik Nel en Charl Coetzer - Geen probleem

15.4 Riverside - Jasper van Zyl - Rdl. Annetjie J van Rensbug sal gaan kyk na boom wat gevaar inhou. Die verteenwoordigers van Riverside word versoek om ook adresse deur te gee waar beligting kort.

15.5 Tergniet - Francois Thiart - Geen probleme

15.6 Tergniethoogte - Mike Wray en George Nezar - Geen

15.7 Klein Brakrivier - Charl de Wet & Pieter le Roux - Geen

15.8 .1 Reebok Noord van Spoorlyn - Johan Lotter - Geen

15.8.2 Reebok Suid van Spoorlyn - Lig vir stortingsterrein in Kusweg - Rdl Anton Dellamijn sal opvolg

15.9 Reebokhoogte - Jaques Radley - Geen

15.10 Reebokrif - Buks Pieterse en Flippie Bezuidenhout - Rooiboklaan is gevaarlik met al die bouery wat daar plaasvind. Versoek dat verkeer asb daar sal ondersoek instel veral met voertuie wat op die ryvlak parker en dat spoedbeperking tydelik daar verminder word deur middel van spoedbeperkingstekens solank bouaktiwiteite daar plaasvind.

**16. KORRESPONDENSIE**

16.1 Bedankingsbriewe is ontvang van Johan Muller en Robin Fick(vanwee sy Bewarea betrokkenheid)

16.2 Brigit Maritz - Estuary management meeting - 16 Mei 2017 – Almal welkom asb.

**17. ALGEMEEN - INDELING VAN PORTEFEULJES**

Verkeerstekens en Spoedhobbels, ontbrekende dtraatname, spoedbeperkings/monitering, gate in strateherseel en teer van strate - Frik Nel ( frikn@mweb.co.za )

Skoonmaak van erwe - Charl Coetzer( charl41@vodamail.co.za )

Onaanvaarbare strukture - Pieter le Roux( admin@dekaap.co.za )

Rampbestuur - Buks Pieterse( bukscorne@mweb.co.za )

**18. VOLGENDE VERGADERING**

***Die volgende vergadering sal plaasvind op Woensdag, 7 Junie 2017, om 13h00 by die Rebok Gemeenskapsaal.***

## MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2017

1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling - voorgestede grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of n soortgelyke sonering naenige ander grongebruik vir dorpstigting.

***Bespreking Julie 2017***

2. Sake by Munisipale Regsafdeling

a) Tennisbane - Klein Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)

b) Erf 264 en 271 Reebok (vordering van eiendomsreg)

c) Koraalsingel 43 (vordering) Regsgeding

***Bespreking Sept 2017 - Rdl Anton Dellemijn***